

## Sing vooraf staande: Psalm 149:1 (p. 715)

- 1 Sing tot Gods eer met lof en dank / 'n nuwe lied met nuwe klank, / o al sy gunsteling!  
Laat Isr'el voor sy Maker juig, / laat Sion voor sy Koning buig, / die HEER van alle dinge!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 47:4 (p. 241)

- 4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer. / Hy het opgevaar, Koning is Hy daar  
van die heidendom. Vorste en volke kom / om sy volk te wees, Abrams God te vrees.  
Skild en teëweer is van U, o HEER! / Sing dan juublend bly! Hoog verhewe is Hy!

## Gebed.

- *Doksologie:*
  - *Aanbidding:*
  - *Skuldbelydenis:*
  - *Vergifnis*
  - *Dank:*
  - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
  - *Algemene bede:*
  - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

## Skrifberyming 12-2:3 (27:3)

- 3 Wat die derde dag verrys het, / daar die dood Hom nie kon hou;  
na die hemel opgevaar het / deur die diep, onpeilb're blou.  
Wat nou sit, met eer en sterkte / aan Gods regterhand omgeef,  
tot Hy weerkom as die regter / van wat dood is en wat leef.

## Skriflesing: Handeling 1

Teks: Handeling 1:9, 11; Kategismus Sondag 18

**En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem.** (Handeling 1:9 AFR1953)  
**... wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.**  
(Handeling 1:11 AFR1953)

Hierdie gebeurtenis in die wêreldgeskiedenis is so geweldig groot dat daar min mense is wat hierdie gebeurtenis van die hemelvaart van Christus werklik kan "vat" (verstaan, begryp).

- Die dissipels staan daar en kyk en kyk na die hemel – sonder begrip.
- Die engele moet nou kom sê dat Jesus hierdie keer finaal weg is en dat Hy weer presies so sal verskyn.

As ons na die Bybel kyk, sien ons dieselfde ding:

- Matteus skryf niks van die hemelvaart nie.
- Markus skryf niks van die hemelvaart nie en Johannes ook nie.
- Dit is net Lukas wat dit beskryf.

Hy sluit die Evangelie van Lukas af met die hemelvaart.

- Daarna begin hy in die boek Handeling ook weer daarmee.
- Dit is asof die saak te groot was om te bevat dat al die ander skrywers van hierdie deel van die geskiedenis net nie daarby uitgekóm het nie.

Kom ons ondersoek vandag alles wat die Bybel ons leer van die hemelvaart en die dinge wat dit direk voorafgegaan het.

- Die Here Jesus is gekruisig.
- Op die derde dag staan Hy op.
- Oor 'n tydperk van veertig dae verskyn Hy aan mense op verskillende plekke.

Dit doen Hy om twee redes:

- Die eerste een is omdat Hy veral hierdie tyd wou benut om aan sy dissipels deur die Heilige Gees bevele te gee (vers 2).
  - Die werk van die Heilige Gees word baie dik onderstreep in vers 2.
  - Die Heilige Gees se werk was medebepalend by die verkiesing van die apostels – en ook met alles wat hulle geleer het.
  - Nou bepaal die Heilige Gees hulle finale afronding in hierdie laaste veertig dae.
  - Die laaste toerusting van die apostels vind plaas met die uitstorting van die Heilige Gees.

Die hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees tesaam bepaal dus die apostels se werk. Ons onthou dit terwyl ons na die res van die preek luister.

Die tweede rede vir die Here Jesus Christus se verskyning is omdat Hy Homself duidelik – lewend en liggaamlik – aan sy dissipels wil vertoon.

- Hulle moet baie seker maak dat dit Hy is en dat Hy liggaamlik uit die dood opgestaan het.
- Daarom eet Hy selfs in hierdie tyd saam met hulle.

Dit is ook waarom daar elke keer duidelik bygeskryf staan dat Jesus na sy lyde aan so en so verskyn het – soos hier in Handeling 1:3.

- Ons verstaan onder *sy lyde* ook *sy dood*.
- Dus na sy dood het Hy aan almal verskyn.

Deur hierdie herhaalde liggaamlike en lewende verskynings, kry die Here Jesus se lewe al hoe sterker die betekenis van oorwinning.

- Dit was gebeurtenisse wat al hoe meer oortuig het van God se krag.
- Let net op na die feit dat dit oor 'n tydperk van veertig dae gebeur.

Veertig dae was in die Bybeltyd die tyd wat moes verloop om enige vergissing of twyfel uit te skakel.

- As 'n saak vir veertig dae kon aanhou, dan word dit nie meer bevraagteken nie.
- Veertig dae is ook 'n tydperk van volledigheid – tesame met die sekerheid.

Kom ons noem 'n paar voorbeelde uit die Bybel.

- Veertig dae lank het dit gereën met die sondvloed.
- Moses was veertig dae lank op die berg toe hy die Wet ontvang het.
- Die Here Jesus is na sy doop veertig dae in die woestyn en dan versoek die duiwel Hom.

- Nou het die Here Jesus oor 'n tydperk van veertig dae telkens aan die gelowiges verskyn.

Maar kyk wat het hiermee gebeur: Sondeverbode mense beleef meteens die vreugde van die oorwinning!

- Hulle is nie meer verlore in die hel en in die dood nie!
- God, Jesus Christus, is hulle lewende Koning wat liggaamlik en geestelik die mag van die hel vernietig het en wat weer lewendig geword het.
- Ons kan almal geniet om te lewe, deur te weet dat ons liggaamlik uit die dood gaan opstaan soos wat die Here Jesus Christus in hierdie tydperk herhaaldelik bewys het.

Maar watter betekenis het dit alles? Dit is wat die Here Jesus nou juis hierdie laaste oomblikke leer.

- Ons moet aan die werk spring en verkondig dat God sy reg op twee maniere handhaaf.
- Sekerlik om die sondaars te straf, maar meer nog: Hy betoon, om die Here Jesus Christus wil, ook genade aan diegene wat glo en bekeer word.

Die dissipels verstaan toe dadelik dat hier van koninkrykswerk gepraat word.

- Toe vra hulle: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?
- Let daarop dat Jesus hulle nie berispe oor die vraag of die koninkryk weer opgerig gaan word nie, maar wel oor die TYD daarvan.

Om die tye te ken, kom die mens nie toe nie.

- Dit is bloot nuuskierigheid, en dit het weinig met die saligheid te make.
- Die tye en die geleenthede het God in sy almag bepaal.
- Die dubbele woordgebruik dui aan dat elke tyd en geleentheid tot in die fynste besonderheid wel deur God bepaal is.

Dan staan daar in vers 8 weer geskryf dat ons moet werk. Soos wat die geskiedenis aangaan, moet ons iets met die evangelie doen.

**... julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My GETUIES wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterstes van die aarde.** (Handelinge 1:8 AFR53)

Nou is ons terug by die begin van die preek – by vers 2.

- Die Heilige Gees gaan ons krag gee en dan moet ons die Here se getuies wees.
- Ons moet getuig dat die Here Jesus lewe, en dat Hy weggevaar het na die hemel toe.

Dit was ook presies wat op daardie oomblik gebeur het, want toe die Here Jesus aan die dissipels vertel het dat hulle sy getuies moet wees, het 'n wolk Hom voor hulle weggeneem.

- 'n Baie magtige gebeurtenis vind hier plaas. Voor hulle oë beweeg die Here Jesus uit die tyd in die ewigheid in.
- Dit is 'n bevestiging van God se almag. Hy word deur geen grense gebind in sy krag nie, en ook nie in die uitvoering van sy raad nie.

Nou staan die dissipels daar en bekyk die hemel.

- Hulle is so verbysterd dat hulle eintlik vir die oomblik tot stilstand geruk is.

- Die twee manne in wit klere moet hulle eintlik wegstuur om met hulle werk te gaan begin.

Net voor die hemelvaart gee die Here Jesus opdragte, en dan gaan Hy heeltemal onverwags weg.

- Die dissipels was nie daarop voorbereid nie.
- Die twee manne met die blink klere sê dan daarna dat Jesus net so sal kom soos Hy weggegaan het. Onverwags.
- Daardie oomblik van sy wederkoms sal Hy wil sien wat het in die tussentyd van sy opdrag geword.

Die oomblik van die Here Jesus se weggaan het die eindtyd begin.

- Die hemelvaart en die wederkoms van Christus is dus onlosmaaklik aan mekaar verbind.
- Ons wag nou op die wederkoms – maar toon ons lewe en ons wêreld die tekens van die verwagting van die wederkoms?

Dit lyk eerder asof ons wêreld – soos die wêreld in Noag se tyd – die mag en tyd wat God aan hom skenk, gebruik om hom ryp te maak vir die oordeel van die Here.

- Openbaring 13 tot die laaste hoofstuk leer dit ook so.
- Wanneer die wêreld op die hoogtepunt van sy mag sal wees, gaan dit plotseling ineenstort met die verskyning van Christus.
- Die laaste dae gaan ook verskriklike dae wees.

Maar ons hoef ons nie dood te bekommer oor hierdie dae nie. Ons is veilig.

- Ons Here het vir ons die ewige lewe en versoening vir al ons sondes bewerk.
- Met sy hemelvaart het hy juis bewys dat geen krag Hom gaan stuit of kan stuit om wat Hy Hom voorgeneem het, nie te doen nie.
- Wat Hy op die aarde met sy lyde en sterwe verwerf het, versorg Hy nou uit die hemel deur sy Woord en die kragtige werking van sy Gees hier onder ons. Tot met sy wederkoms.

Ons lees dat die wederkoms só sal gebeur (Matteüs 24:30, 31):

**En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.**

(Matteus 24:30, 31)

Die betekenis van die hemelvaart is dus dat God daarmee aan ons openbaar dat sy krag strek oor hierdie wêreld en die een van die engele.

- Sy krag strek oor hierdie tyd en oor die hiernamaals.
- Hierdie openbaring van sy krag moet ons geloof versterk om Hom te loof en te prys.
- Dit moet ons versterk om altyd te leef met die sekerheid dat ons aan God behoort en dat niks ons van Hom kan vervreem nie – nie nou nie en ook nie tot in ewigheid nie.

Kom ons lees saam wat ons in die Heidelbergse Kategismus bely oor die hemelvaart van ons Here Jesus in Sondag 18:

**Vraag 46: Wat verstaan jy onder: wat opgevaar het na die hemel?**

**Antwoord:** Christus is voor die oë van sy dissipels van die aarde af na die hemel opgeneem (a) en Hy is vir ons daar ten goede (b) totdat Hy terugkom om reg te spreek oor die lewendes en die wat alreeds gesterf het (c).

(a) Hand 1:9; Mark 16:19; Luk 24:51. (b) Heb 9:24; 4:14; Rom 8:34; Kol 3:1. (c) Hand 1:11; Matt 24:30.

**Vraag 47: Is Christus dan nie by ons tot die einde van die wêreld soos Hy ons beloof het nie (a)?**

**Antwoord:** Christus is ware mens en ware God. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op aarde nie (b), maar wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, gaan Hy nooit meer van ons af weg nie (c).

(a) Matt 28:20. (b) Heb 8:4; Matt 26:11; Joh 16:28; 17:11; Hand 3:21. (c) Joh 14:18; Matt 28:20.

**Vraag 48: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?**

**Antwoord:** Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie en is orals teenwoordig (a). Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid (b) is, maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.

(a) Jer 23:24; Hand 7:49. (b) Kol 2:9; Joh 3:13; 11:15; Matt 28:6.

**Vraag 49: Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons?**

**Antwoord:** Ten eerste dat Hy in die hemel ons Voorspraak by die Vader is (a). Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof; ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem (b). Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur (c) deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is en aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie (d).

(a) 1 Joh 2:1; Rom 8:34. (b) Joh 14:2; 17:24; 20:17 2:6. (c) Joh 14:16; 16:7; Hand 2:33; 2 Kor 1:22; 5:5. (d) Kol 3:1.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 145:1, 2 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!  
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 2005 en 2007 gepreek met Hemelvaart

Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 18 Augustus 2013